NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  Badseloop: Bespreek by Emiele Nel 083 391 6361 / badseloopjeugkamp@gmail.com;
  Magaliesberg Jeugkampterrein: Bespreek by Anvie Ventures, 044 696 6585 / info@anvieventures.co.za.

14 Oktober 2022: Nr 37/2022

Warmnuus

Wees deel van die fees…

Sondagaand se erediens en nagmaal by die Sinodesitting word lewendig gestream. Daar sal ook 'n opname gemaak word van Sondagaand, sowel as van die sprekers. Dit sal op YouTube beskikbaar wees. Versprei asseblief hierdie inligting aan alle lidmate en ander belangstellendes.
Nagmaal stream: https://youtu.be/m5pRLNI-5TA
Kanaal link: https://www.youtube.com/channel/UCq9ljN6mpsfLpq_ertCPR1A

Sinodenuus

❖ Sinodesitting

Verlede week het die volgende inligting onder "Warmnuus" verskyn:

Ons vier ons verbintenis aan mekaar
Volgende Sondag skop die 22e Sinodesitting van Noordelike Sinode af. Ons vier dan in die besonder ons verbintenis aan mekaar as familie. Ons gaan daarom saam nagmaal gebruik, en begin om die tema: "Wysheid in 'n tyd soos hierdie", te bedink. Die hele gebeure word lewendig "gestream", sodat alle gemeentes en lidmate kan deel in hierdie fees wat vanweë Covid-19 ses jaar laas kon plaasvind.

[Kliek op die skakel: http://noordsin.ngkerk.net/sinodesittings/ vir die volledige inligting oor die sinodesitting tot op hede].

❖ Tekslees met 'n verskil

Neem asseblief kennis dat in die lig van die Noordelike Sinodesitting, daar geen byeenkoms gedurende 16-21 Oktober sal plaasvind nie.

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Innige meegevoel

Attie Beetge [emeritus en voorheen leraar van Rustenburg en Pretoria-Oos] is op *10 Oktober* oorlede. Sy gedenkdiens vind op Maandag *17 Oktober* by Stellenbosch Moederkerk plaas.

❖ Emeritaat

Gert Prinsloo [professor in Antieke Tale] se afskeidspreek vind plaas op Sondag *30 Oktober* om 9:00 by NG The Reeds. Hy was sedert die afstigting van The Reeds gemeente in 1987 betrokke in die

gemeente as proponent (1987-1992), tentmakerleraar (1992-2004), aflosprediker (2004-2018) en as kontrakleraar (2018-2022).

❖ Beroep

<<< **Fouché de Wet** [Pretoria-Wes] het die beroep na **Agter-Paarl** (Wes-Kaap) aanvaar. Sy afskeiddiens vind op *30 Oktober* plaas.

>>> **Kobus Sandenbergh** [emeritus en voorheen van Weltevredenpark] is as brugleraar na Sesmylspruit beroep vir 'n termyn van ses maande met ingang *1 Januarie 2023*.

❖ Verjaarsdagwense

16/10 Ernest Horn [Wonderboom]
Kobie Grobler [Emeritus]
17/10 Francois Joubert [Emeritus
18/10 Attie van Niekerk [Emeritus]
21/10 Jan Barnard [Emeritus]
25/10 Thom Schutte [Krokodilrivier]
28/10 Frikkie du Plooy [Florauna]
Neels Els [Emeritus]
28/10 Louis Brittz [Emeritus]
29/10 Johan Wildenboer [Florandia]

16/10 Chrisna du Plooy [Eggenote van Frikkie du Plooy, Florauna]
17/10 Karin Crous [Eggenote van Peet Crous, Lynnwood]
20/10 Pat de Vos [Eggenote van Daniël de Vos, Sesmylspruit]
23/10 Pieter Schoeman [Eggenoot van Lizl-Louise Schoeman, Monumentpark]
25/10 Eileen Kotze [Eggenote van Joggie Kotze, Dwaalboom]
28/10 Esna Strydom [Eggenote van Gerrie Strydom, Florandia]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae

Vorentoe [19/10/1935]
Wonderboom [19/10/1959]
Roedtan [20/10/1950]
Warmbad-Wes [22/10/1969]
Wonderboom-Suid [23/10/1946]
Dwaalboom [23/10/1948]
Bergtuin [28/10/1974]

❖ Daspoort

Eeufeesjaar

21 Oktober: Daspoort Jeugaand
22 Oktober: Daspoort Feesaand [18:00-21:00] Gaskunstenaar: ***Germandt Geldenhuys*** – Beperkte sitplekke! R100 - Besprekings slegs WhatsApp: 083 462 6958 of 012-379 3848 gedurende kantoorure
23 Oktober: Daspoort Feesdiens [9:00-10:00] NG Daspoort – Navrae: 012-379 3848

❖ Florandia

Aanbiddingsnaweek

5 November (08:30 – 12:00) en *6 November* (09:00 – 10:15) Kliek hier vir die volledige inligting. ***Tema***: Hoe verdiep ek die persoonlike belewenis van my aanbidding tot God? Besoekers: Bespreek asb voor *3 November* by AnnaMart (012 546 5721)

❖ Quaggapoort

Canamus: Die groot saamsing

Kom deel in Quaggapoort se seisoen van dankbaarheid. 'n Massasaamsing-geleentheid uit die skatkis van gereformeerde asook kontemporêre kerkliedere, begelei op pyporrel en klavier, tesame met vele ander instrumente en stemme. Kom sing saam!
Wanneer: Sondag, *6 November* [15:00]; Waar: Die kerkgebou te Sishenstraat 4, Wespark. Kaartjies: R60 per persoon. Beskikbaar aanlyn by Quicket, of by die kerkkantoor. **Navrae**: Anthony – 0834751919.

❖ Universiteitsoord

Eerstejaarskamp 2023

Maryna Enslin [Skakel- en Kommunikasiebeampte] van dié gemeente deel die volgende belangrike nuus:
"Ons beplan kliphard aan Eerstejaarskamp 2023! Inskrywings open binnekort. Hou ons webwerf dop!!
Ons weet dat dit 'n ongelooflike ervaring gaan wees - die beste manier om jou studentelewe te begin. Die kamp is nie net vir Tukkies-studente nie, maar vir studente van enige tersiêre instansie in Pretoria.
Die doel van die kamp is om jou te help om jou universiteitsloopbaan op die regte noot te begin. Kom ontdek jouself, maak wonderlike nuwe vriende, ontmoet jou seniors, die HK van jou koshuis/daghuis of dalk die liefde van jou lewe en bowenal begin jou student-lewe saam met die Here."
Kontak haar by 012-362 0663 / maryna@unio.co.za.

Toerusting

❖ Excelsus: Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

Volledige jaarprogram vir 2022
Navrae: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za / http://www.excelsus.org.za/

Dink nuut oor jou bediening (Sertifikaatkursus in Bedieningsvernuwing)

"Wie is God?" Hierdie **aanlynkursus** is gerig op predikante in die middelfase van hul bediening - *24 en 31 Oktober.*
VBO punte: 30
Sluitingsdatum: *19 Oktober*. [Kliek hier vir die volledige inligting].

Ander nuus

❖ Huis Herfsblaar

Herfsmed is 'n afdeling van Huis Herfsblaar, 'n aftree-oord geleë in Queenswood Pretoria. Dienste soos op die foto aangetoon word aan enige persoon aangebied, nie net aan ouer persone nie. Beperkte verblyf vir 'n naaste familielid wanneer 'n pasiënt vergesel word is ook op die perseel van Huis Herfsblaar beskikbaar. Skakel gerus die Gevallebestuurder:
Zurelda Aylward by 012 333 4445 x125 / 074 657 1798 / clinic@huisherfsblaar.co.za.

❖ Bybel-Media

Oktober is Bybel-maand

Vir hierdie spesiale tyd van die jaar, vind ons inspirasie in die natuur. Die mooi lente is in volle gang, en dis 'n wonderlike tyd om 'n seisoen van vernuwing in jou geloof aan te pak. Wanneer dit by God se Woord kom is daar drie dinge om te doen: Lees dit. Leef dit. Deel dit. [Kliek hier en lees meer oor die veldtog]

Voorskoolse kategese-produkte vir 2023

Bybel-Media se voorskoolse kategese-reeks bestaan uit hope leersame aktiwiteite asook stories, liedjies en lesse vir geloofsontwikkeling. Met verskeie aanbiedersboeke, werkboeke en selfs videogrepe om van te kies, kan jy verseker wees dat daar ure se pret voorlê!
[Kliek hier vir gratis aflaaibare materiaal: 12 wenke om die kinders welkom te laat voel.]
Vir die katalogus vir 2023 kategese 2-6 jariges kliek hier.

❖ Vakatures

Kerkbode Vakatures: Kliek hier vir die vakatures wat in die elektroniese Kerkbode geadverteer word.

Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys

Uitvoerende Beampte – Voltyds

Aanvangsdatum: *3 Januarie 2023*

Doel van die pos: Die bestuur van 'n nie-winsgewende organisasie verantwoordelik vir die insameling van fondse ter ondersteuning van 5 skole vir kinders met spesiale onderwys-behoeftes. Belangstellendes word genooi om deur middel van 'n skrywe te motiveer waarom hul belangstel in die pos asook hul gepastheid vir die spesifieke pos. [Kliek hier vir die volledige advertensie] Aansoeke**:** moet per epos gestuur word aan mev Arina Jooste teen nie later as *21 Oktober* 2022 by toibo@imaginet.co.za.

Bejaardesorgsentrum

Bestuurder

'n Toonaangewende bejaarde verblyf en versorgingsinstansie in die Vrystaat bied 'n geleentheid aan 'n gedrewe persoon om deel te word van die bestuurspan. Indien jy jou vereenselwig met die Christelike lewensbeskouing, kerklike strukture verstaan en ondersteun en aan die posvereistes voldoen sal ons graag van jou wil hoor.

Indien jy belangstel stuur asseblief jou CV en enige navrae aan Ansomé Louw – ansome@anlconsult.com voor *31 Oktober* [Kliek hier vir die volledige advertensie]

Pietersburg-Noord

Voltydse gemeenteleraar

Noordgemeente het twee bedieningspunte nl. in Polokwane en Mogwadi. Die gemeente bestaan uit 1660 belydende en 548 dooplidmate en word tans bedien deur een voltydse leraar, 'n maatskaplike werker en aktiewe kerkraadslede. [Kliek hier om verder te lees] Lea Huma by admin@ngnoord.co.za – 015 287 9700.

Sluitingsdatum: *04 November*.

Diensaanvaarding: *01 Maart 2023* of soos besluit

Naskrif

Discussions
are always better than
arguments,
because
an argument
is to find out
who is right,
and
a discussion
is to find out
what is right.